

Sing vooraf staande: Psalm 82:1, 2 (p. 416)

- 1 God daag in regsvergadering / maghebbers tot sy strafgeding:
"Hoe lank sal jul geen onreg vrees, / partydig vir die bese wees?...
Doen reg aan wie in druk, / verweesd terneer moet buk;
bied swakkes onderstand / en red hul uit die hand / van wie hul goddeloos beroof."
- 2 Van regdoen is daar geen verstand: / hul tas soos blindes na die wand.
Die aard' se grondves word onvas! / "Jul's gode, ja, my seuns," dit was
my woord. "Nogtans – jul sal / soos alle vorste val."
Staan op, o God, vaag weg! / Lui in die eeu van reg; / want alles is u eiendom

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 45:1, 5, 10 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 5 U troon hou stand in storm en stryd, / u septer is regverdigheid.
U min geregtigheid, maar haat / die onreg met die onregsdaad.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-3:1, 2 (nuut)

- 1 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig. / Liefde is die groot gebod!
Liefde is ons steeds verskuldig / aan ons naaste en ons God.
Ons wil u gebod bewaar, / maar ons struikel baie kere.
Leer ons liefde vir mekaar, / maar bo al vir U, o Here.
- 2 Liefde doen aan niemand kwaad nie – / dis vervulling van die Wet.
Dié gebod mag ons nie laat nie, / maar met ywer daarop let.
Ons weet, ver is reeds die nag; / ken die tydsomstandighede –
weldra breek die volle dag. / Wek ons, Heer, uit valse vrede!

Gebed

Skrifberyming 7-1:1, 3 (31:1, 3)

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.
- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig.
Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig.
En op sy kleed met bloed geverf, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere:
dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die "Hoogste Koning" is, / die "Heer van alle here"!

Skriflesing: 1 Konings 10:23-11:13; Deuteronomium 17:14-20

Kernverse: Deuteronomium 17:18-19

En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê; en dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen;

(Deuteronomium 17:18-19 AFR1953)

Tema: Goeie konings/leiers maak erns met die Woord van God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons lewe vandag in 'n demokratiese land en ons kinders word groot met hierdie politieke bestel waarin die stem van die meerderheid bepaal wie sal regeer. En die meeste mense maak hulle keuse op grond van die beloftes en beleid van die politieke kandidate. Gelowige kiesers beoordeel ook vanuit die Skrif die politieke party en kandidaat se beleid voordat hulle 'n keuse maak – of so behoort dit altans te wees.

Vanoggend leer die Heilige Gees ons hoe die leier of koning behoort te wees en wat sy verantwoordelikhede is. Die Here lê bepalings en voorskrifte neer vir die een wat tot koning vir Israel gesalf word. En dan gee die Here self die resep hoe so 'n koning by hierdie riglyne sal kan bly.

Geliefdes, die meeste van ons is, glo ek, bekend met die geskiedenis toe die eerste koning van Israel aangewys is. Vir die wat nie so goed daarmee bekend is nie, noem ek net kortliks die volgende. Toe Samuel, die profeet van die Here oud geword het, en sy seuns nie sulke goeie rigters was soos hy nie, het die volk na Samuel gekom en gevra:

Stel nou liever 'n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is.
(1 Samuel 8:5 AFR1983)

As iemand ooit sou getwyfel het dat die Heilige Gees self die Skrywer is van die Bybel, sal hy en sy weer mooi moet dink na aanleiding van wat ons so pas in Deuteronomium gelees het. Ons alwetende God het 400 jaar in die toekoms van Israel in geprofeteer:

Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, en jy dit in besit geneem het en daarin woon, sal jy sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel. Elke nasie in my omgewing het 'n koning.' (Deuteronomium 17:14 AFR1983)

Dit is egter nie net die volk wat 'n koning sou wou hê nie. Die Here het reeds lank gelede belowe dat daar konings sal wees. In Genesis 17 het die Here belowe dat daar konings uit Abraham en Sara gebore sou word. En toe Jakob elkeen van sy seuns geseën het, het hy aangaande Juda die volgende gesê:

Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp. (Genesis 49:10 AFR1983)

Uit hierdie gegewens kan ons aflei dat die Here nie teen die idee is dat Israel 'n koning kan hê nie. Dit gaan eerder daaroor dat die koning God se keuse moet wees en God sal die tydstip bepaal vir die begin van hierdie koning se regering.

Laat ons dan nou by die voorskrifte en bepalings kom wat die Here vir so 'n koning neerlê. Die eerste vereiste vir die koning van Israel, het ons nou reeds genoem. Die koning moet iemand wees wat deur

die Here gekies is. Ons mense se oordeel oor wie moet regeer, is nie suiwer nie. Toe Samuel op bevel van die Here die tweede koning van Israel uit die huis van Isai moes gaan salf, lees ons:

Samuel self het vir Isai en sy seuns gereinig en hulle na die offer toe genooi. Toe hulle inkom, het Samuel vir Eliab gesien en gedink: die gesalfde van die Here staan hier voor die Here. Maar Hy sê vir Samuel: “Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here kyk na die innerlike. (1 Samuel 16:5b-7 AFR1983)

God kyk na die hart van die mens. En hoe lyk die hart van die mens waarop die Here let? So:

Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord (Jesaja 66:2b AFR1953).

Die koning wat die Here vir sy volk kies, moet nederig wees – arm van gees – en hy moet ontsag vir die Woord van die Here hê.

Die tweede vereiste is dat die koning van Israel 'n Israeliet moet wees. 'n Uitlander mag nie koning van Israel wees nie. Die een wat koning van Israel kan wees, moet kennis van die Here en die Here se werk hê. 'n Uitlander sal die volk verlei tot godsdienstige hoerery en allerlei afskuwelike dinge. 'n Uitlander sal nie ontsag hê vir die Woord van die Here nie, aangesien hy nie die Here ken nie. Daarom sal hy ook nie nederig wees nie.

Na hierdie twee vereistes vervolg die Here met die vier voorskrifte vir die koning. Die eerste voorskrif:

Hy mag nie baie perde aanhou nie (Deut 17:16 AFR1983). Met hierdie voorskrif maak die Here dit duidelik dat die koning van Israel nie op sy militêre magte moet vertrou nie. Koning Dawid het dit goed geweet. Van jongs af het hy op die almag van God gesteun toe hy voor Goliat te staan gekom het. En selfs toe hy 'n groot weermag gehad het, het hy gesê: **Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar ons, ons vertrou op die Naam van die Here ons God (Ps 20:8 AFR1983).** Wanneer 'n mens weet dat jy swak is, is dit maklik om op die almag van God te vertrou. Jy weet tog dat jy niks anders het om op te vertrou nie. Maar 'n goeie leier is iemand wat groei in sy vertroue op die Here, selfs al het die Here aan hom aansien gegee onder die mense.

Die tweede voorskrif:

hy mag die volk ook nie na Egipte toe laat teruggaan nie (Deut 17:16 AFR1983). Vir Moses en baie van die volk wat toe nog gelewe het en uit Egipte getrek het, was hierdie voorskrif duidelik en logies. Egipte is die plek van slawerny waaruit die Here hulle uitgelei het. Hulle is op pad na die beloofde land. Die koning van Israel moet, soos Moses en Josua later, die volk agter die Here aan lei. Die koning staan immers onder heerskappy van Hom aan wie die volk behoort. Die goeie koning wat God gekies het, sal die volk vorentoe lei al nader aan die beloofde land en nooit terug na die land van slawerny nie.

Die derde voorskrif:

Die koning mag ook nie baie vrouens hê nie (Deut 17:17 AFR1983). Onder die nasies was dit gebruiklik dat die koning van 'n land met dogters uit koninklike huise van ander lande trou. Hiermee het hulle vir hulleself nasionale sekuriteit verseker. Die koning van die een land sal hierdie koning nie sommer aanval nie, want hulle is immers familie. Die Here wil nie hê dat die koning van Israel self sy sekuriteit verseker nie. Hy moet op die almag van die Here vertrou. Sy sekuriteit is nie in mense opgesluit nie, maar is by die Here die God van hemel en aarde.

Die vierde voorskrif:

Hy mag ook nie sy silwer en goud te veel laat word nie (Deut 17:17 AFR1983). Die Here ken die geaardheid van die mens wat in sonde en ellende gebore is baie goed. Hy weet dat selfs 'n koning en 'n leier deur aardse besittings aangetrek sal word. En as hy eers verknog geraak het aan silwer en goud, sal die blink van hierdie goud sy oë en verstand so verblind dat hy nie meer die Here raaksien nie. Dit is die leier en koning wat aan silwer en goud geheg geraak het en wat 'n oorvloed daarvan het, wat ook maklik die Here verloën en sê: Wie is die Here?

Vir enige leier om aan hierdie voorskrifte en bepalings van die Here te voldoen, sal dit nie maklik gaan nie. Die mens se hart is tot trotsheid geneig. En 'n koning wat bokant die res van die volk uitstaan, kan baie dinge doen en dit regverdig deur te sê dat hy immers die koning is. Hy moet 'n groot en sterk weermag hê, daarom is perde nodig, want die vyand het perde en strydwaens. Die beste perde in daardie tyd was afkomstig uit Egipte, daarom kan hy nie anders as om na Egipte terug te keer nie. En met al die politieke spanninge is dit onvermydelik dat die koning homself in die huwelik verbind met ander volke se prinsesse. En om 'n groot weermag en baie vrouens te hê en om nog gereken te wees tussen die ander nasies, is dit onvermydelik om baie silwer en goud te hê. Ons kom dus agter dat ons mense, en veral 'n koning, genoeg redes kan aanvoer hoekom hulle een of meer van hierdie voorskrifte nie sal kan nakom nie.

Die Here wil egter 'n goeie koning vir sy volk hê. En hierdie mens sal nie goed word deur net die voorskrifte te hoor nie. Om koning te wees in Israel is nie 'n pligstaat of 'n kontrak nie. Om koning te wees in Israel moet die koning se hart aan die Here verbind wees. Daarom gee die Here hierdie verdere opdrag:

En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê; en dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen. (Deuteronomium 17:18-19 AFR1953)

Die staatsekretaris moenie 'n afskrif van die wet vir die koning skryf nie. Die Here stel dit baie duidelik – die koning moet met sy eie hand elke sin, elke woord, elke letterstrepie self neerskryf. Hiermee het die Here nie verseker dat daar darem 'n Bybel in die die koning se huis nie. Dit was die begin van 'n proses om die Woord van die Here binne-in die koning te kry.

Dit is 'n proses, want dit hou nie op by die neerskryf van die wet in sy handskrif nie. Hy moet die wet ook al die dae van sy lewe lees. En die lees van die wet is ook nie maar net 'n plig wat elke dag afgehandel moet word nie. Die doel van hierdie elke dag se lees, is **dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen.** Deur voortdurend die wet te lees sal die koning onthou dat hy onder die heerskappy van God staan. Hy het as koning nie die oppergesag in die land nie. Dan sal hy hom nie bo sy volksgenote verhef nie en nie afwyk van die wet nie. En die heerlike gevolg is dat die koning lank sal lewe, hy en sy seuns tussen die volk.

Geliefdes, ons moet hierdie Woord van die Here ernstig opneem. Dit wat hier in Deuteronomium geskryf staan, was nie maar net vir daardie tyd bedoel nie. Ons het met goeie rede gelees wat van Salomo geword het. Salomo het in 'n tyd gelewe toe die Here vrede en rus vir Israel gegee het. Hy het nie nodig gehad om oorlog te maak soos sy pa Dawid nie, want die Here het al Dawid en Israel se vyande aan hom onderwerp. Maar dit was juis in die tyd toe Salomo in die hoogbloei van Israel geregeer het dat die afdraande pad begin het. Salomo het lynreg ingedruis teen elkeen van hierdie voorskrifte wat die Here vir die koning neergelê het. Hy het perde by die duisende gehad en hy het na Egipte toe teruggegaan daarvoor. Goud en silwer was so volop soos klippe in die land. Hy het 700 vrouens gehad en nog 300 byvroue. En hulle het hom verlei om nie meer die Here te dien nie.

Salomo kon natuurlik elkeen van hierdie oortredings van die Here se voorskrifte regverdig met die een of ander rede. En sy hart het hom ook hierin verlei. Hoeveel perde gaan baie perde wees? Hoeveel vrouens gaan nou te veel wees? Hoeveel silwer en goud is uitermate baie? En in die tussentyd lei sy hart hom ook om te sê dat hy dit nog kan hanteer. En op die uiteinde kon hy dit nie hanteer nie. Hoekom nie? Omdat hy nie gebewe het vir die Woord van die Here nie. Ontslag vir die Here en sy Woord het stadig maar seker uit sy lewe uit gesypel totdat daar niks meer oor was nie. Hy het nie die eenvoudige resep van die Here gevolg om die Woord elke dag van sy lewe te lees sodat hy kon aanhou leer om die Here te vrees nie.

Omdat Salomo die Here nie meer gevrees het soos wat hy moes nie, het hy en sy seuns nie lank meer in Israel geregeer nie. Die Here het sy volk in ballingskap laat wegvoer en die koningskap van Salomo-hulle afgeskeur. Maar die koningskap in Israel was nie 'n nuttelose oefening nie. Die Here het juis hierdie skeefgetrekte koningskap gebruik om sy volk te laat uitsien na die ware Koning wat uit Israel, uit die stam van Juda gebore sou word – Jesus Christus, die Lam van God, die Leeu uit die stam van Juda.

Broers, susters en kinders, as ons nou Jesus se koningskap vergelyk met die voorskrifte wat God gestel het, dan sien ons dat Hy inderdaad die ware en ewige Koning is op wie ons kan steun.

Op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag bekleed is, Jesus Christus ons Here. (Romeine 1:4 AFR1983)

Hy is deur God self aangewys as Koning. Jesus Christus is werklik een van ons – die Seun van God wat mens geword het van vlees en bloed.

Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duivel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe in slawerny was, te bevry. (Hebreërs 2:14-15 AFR1983)

En as ons na elkeen van die voorskrifte gaan kyk, het Hy elkeen van hulle by uitnemendheid volbring. Toe Hy as Koning Jerusalem binnegery het, het Hy dit op 'n donkie gedoen, want Hy verlos nie deur militêre mag nie maar met sy eie liggaam en bloed. Ja, daar kom inderdaad 'n dag wat Hy op 'n perd gaan ry en dit sal 'n wit perd wees. En die dag wanneer Hy op daardie perd verskyn, sal elkeen van sy vyande met die swaard uit sy mond getref en verdelg word. Daar sal nie een van hulle meer oorbly nie. Almal sal 'n Naam op sy heup geskrywe sien staan: **Die Koning van die konings en die Here van die heersers** (Openbaring 19:16 AFR1983).

As Koning het Jesus nooit sy volk na die slawerny laat terugkeer nie. Deur sy kruisdood het Hy sy volk juis van die slawerny verlos. En die **Gees wat Hy aan ons gegee het, maak ons nie tot slawe nie en laat ons nie weer in vrees lewe nie** (Rom 8:15 AFR1983). Hy lei ons vorentoe na sy ewige Vaderhuis toe, want Hy wil hê dat sy volk sal wees waar Hy is.

As ons ewige Koning het Hy nie baie vrouens nie. Hy het net een bruid – sy kerk. En as Bruidegom is Hy met sy Gees en Woord besig om hierdie bruid onberispelik te maak – volmaak te maak – sodat die bruilofsfees kan plaasvind.

En aan aardse besittings was ons Here Jesus nooit verknog nie. Vir Hom was dit nie 'n probleem om die belasting aan die keiser te betaal en die belasting aan die tempel nie. Dit is deur mense soos Judas wat aan geld verknog was dat Hy verraai is om doodgemaak te word.

En as God en Koning, Hy wat self die Woord van God is, skryf Hy tot vandag toe die wet deur sy Gees op die harte van sy Vader se kinders.

Kortom, geliefdes, Jesus Christus is die Koning wat God self gekies het om vir ewig oor sy volk te heers. En nou kan jy vra: Maar is dit al wat die Here vir my in hierdie gedeelte sê? Nee, geliefdes. Dit is nie al nie.

Hierdie voorskrifte in Deuteronomium geld ook as maatstaf vir elkeen wat vandag as leier moet optree. 'n Voorganger in die kerk – 'n ouderling, diaken of predikant – moet ook aan hierdie voorskrifte voldoen. Gaan lees maar weer hoe skryf die Heilige Gees dit in 1 Timoteus 3 en hoe staan dit geskryf in die bevestigingsformuliere. Maar dit gaan nie net oor voorgangers in die kerk nie. Ons kan maar hierdie voorskrifte as toets aanlê wanneer die Here ons by die punt bring om leiers in die werkplek te kies. Kinders, aan die einde van die jaar sal julle deelneem aan die kies van leerlingrade of miskien dien julleself op die leerlingraad. Onthou dan hierdie voorskrifte van die Here jou God. En, ouers, by die skole is daar binnekort weer verkiesing van beheerliggame. Kies die leier wat hierdie voorskrifte van die Here gehoorsaam. Wees die leier wat gehoorsaam is aan hierdie voorskrifte van die Here.

Die goeie leier is die een wat hom- en haarself verdiep in die rykdom van die Woord van die Here sodat hy en sy kan leer om die Here te vrees en nie afwyk van sy gebooië nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁱⁿ psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Februarie 2012